WILGEDRAAI 2018

KAMPINLIGTING

Maandag 30 Julie 2018

Die Voortrekkers

hou KOERS!

Hier volg die kampinligting vir die 2018 Wilgedraai Voortrekkerkamp:

Inskrywings: Inskrywings word elektronies deur middel van Wilgedraai se webblad hanteer en nie deur kommando's nie. Sien asseblief die *Inskrywingsprosedure* vir aanwysings van hoe om in te skryf.

Betalings: Betalings word elektronies deur middel van Wilgedraai se webblad hanteer en nie deur kommando's nie. Geen inskrywing kan gefinaliseer of geproseseer word sonder dat die betaling gemaak is nie. (Indien daar 'n probleem is en betaling kan nie direk gemaak word nie, kontak asseblief die kampleier om die inskrywing te finaliseer.) Sien asseblief die *Inskrywingsprosedure* vir aanwysings van hoe om te betaal.

Sperdatum vir Inskrywings: Vrydag 31 Augustus 2018 (Inskrywings sal na hierdie datum gesluit word en geen verdere inskrywings sal aanvaar word nie.)

Aanmelding: Saterdag 29 September 2018 om 10:00 vir Seilkuns, Selfbehoud en Vaandrigte.
Sondag 30 September 2018 om 10:00 vir die res van die kursusse.

Vertrek: Saterdag 6 Oktober 2018 om 11:00 (indien 'n Wilgedraaier die kamp vroeg moet verlaat, moet daar vooraf 'n reëling met die Kampleier getref word – niemand mag die terrein sonder toestemming verlaat nie). Let daarop dat al die kursusse 'n minimum bywoningsperiode het en indien 'n Verkenner nie vir ten minste daardie periode die kursus bygewoon het nie, kan Wilgedraai Voortrekkerkamp nie die betrokke spesialisasie mag toeken nie.

Terrein: De Bank Voortrekkerkampterrein (langs die Vaaldam net buite Oranjeville in die Vrystaat).

Aanwysings: Besoek Wilgedraai Waterwerkkamp se webblad by http://www.wilgedraai.co.za/terrein/. Let asseblief daarop dat jy slegs met die Metsimaholopad by die kampterrein kan uitkom.

Vervoer: Sien Wilgedraai Voortrekkerkamp se aanlyn winkel om 'n buskaartjie te koop by http://www.wilgedraai.co.za/product-category/busvervoer/. Indien jy nie van die busvervoer gebruik wil maak nie, moet jy self vervoer na en van die kamp reël. Let daarop dat jy op Wilgedraai Voortrekkerkamp se webbladsy ingeteken moet wees om toegang te verkry na die aanlyn winkel.

Die volgende vervoeropsies is beskikbaar:

DATUM	TYD	PLEK	KOSTE
Eie vervoer			

	DATUM	TYD	PLEK	KOSTE
Opsie 1	Sa. 29 Sept.	07:00	Vertrek vanaf: Hoërskool Menlopark, Rosemary Straat, Pretoria (**retoer**)	R380
	Sa. 29 Sept.	08:00	Vertrek vanaf: Highveld Engen 1 Stop op R21S, Kemptonpark (**retoer**)	R380
	Sa. 6 Okt.	13:00	Arriveer by: Highveld Engen 1 Stop op R21N, Kemptonpark (**retoer**)	R380
	Sa. 6 Okt.	14:00	Arriveer by: Hoërskool Menlopark, Rosemary Straat, Pretoria (**retoer**)	R380
Opsie 2	Sa. 29 Sept.	07:00 08:00	Vertrek vanaf: Hoërskool Menlopark, Rosemary Straat, Pretoria OF Highveld Engen 1 Stop op R21S, Kemptonpark (**een rigting**)	R220
Opsie 3	**DATUM**	**TYD**	**PLEK**	**KOSTE**
	So. 30 Sept.	07:00	Vertrek vanaf: Hoërskool Menlopark, Rosemary Straat, Pretoria (**retoer**)	R380
	So. 30 Sept.	08:00	Vertrek vanaf: Highveld Engen 1 Stop op R21S, Kemptonpark (**retoer**)	R380
	Sa. 6 Okt.	13:00	Arriveer by: Highveld Engen 1 Stop op R21N, Kemptonpark (**retoer**)	R380
	Sa. 6 Okt.	14:00	Arriveer by: Hoërskool Menlopark, Rosemary Straat, Pretoria (**retoer**)	R380
Opsie 4	So.30 Sept.	07:00 08:00	Vertrek vanaf: Hoërskool Menlopark, Rosemary Straat, Pretoria OF Highveld Engen 1 Stop op R21S, Kemptonpark (**een rigting**)	R220
Opsie 5	Sa. 6 Okt.	13:00 14:00	Arriveer by: Highveld Engen 1 Stop op R21N, Kemptonpark OF Hoërskool Menlopark, Rosemary Straat, Pretoria (**een rigting**)	R220

Verblyf: Verkenners moet hulle eie tente saambring. Dit moet verkieslik ’n twee- of driemantent wees. Ons kry van tyd tot tyd ’n donderstorm so bring genoeg tentpenne saam. Wilgedraai Voortrekkerkamp voorsien nie tente vir verblyf nie.

Daar is beperkte slaapplekke in die chalets en houthuisies vir volwassenes. Slaapplek sal

toegeken word soos volledige inskrywings verwerk word. Indien ’n volwassene nie in ’n chalet of houthuisie wil bly nie moet hulle self ’n tent of karavaan saambring.

Divisies:

KURSUS	KENTEKEN(S)	MAKS.	GR.	PRYS
Oewervernuf	Oewervernuf (O)	30	7	R1 080
Varswaterkunde	Varswaterkunde (O) Waterveiligheid (B)	60	8	R1 080
Roeikunde	Roeikunde (V) Waterveiligheid (B)	40	9	R1 160
Varswaterhengel	Varswaterhengel (V) Waterveiligheid (B)	20	9	R1 180
Seilkuns	Seilkuns (V) Seilvernuf (V)	72	10	R1 250
Kampmedia	Bemarking* Fotografie (V)	10	9, 10, 11	R1 080
Ruiterkuns	Ruiterkuns (V) Verfbal (A) Anglo-Boereoorlog (A)	20	10, 11, 12	R1 250
Motorbootkunde	Motorbootkunde (V)	20	11, 12	R1 530
Selfbehoud	Varswaterselfbehoud (B)	24	11, 12	R1 110
Vaandrigte	Waardes (C) Leierskap (L) Selfverdediging (B) Seremonies (L) Tradisionele Spele (A)	20	10, 11, 12	R1 080

*Kenteken nog nie goedgekeur nie maar word op Wilgedraai beproef. Die Verkenner sal ’n sertifikaat daarvoor ontvang maar die kenteken kan slegs aangekoop word nadat dit gemaak en by die Voriemôl beskikbaar is.

Kostes: Die bogenoemde koste sluit in:

- Verblyf vir 7 of 8 nagte (afhangende wanneer die Wilgedraaier aanmeld)
- 21 etes oor die loop van die kamp
- ’n Kursuspet

- 'n Kamphemp
- Basiese kursusmateriaal

Aanlyn winkel: Wilgedraaiers kan verskeie items aankoop in Wilgedraai se aanlyn winkel by http://www.wilgedraai.co.za/winkel/. (Die aanlyn winkel sal slegs beskikbaar wees indien jy as gebruiker in geteken is op Wilgedraai se webblad.)

Snoepie: Daar sal deur die loop van die kamp 'n snoepie beskikbaar wees. Hierdie snoepie is egter kontantloos. Ouers kan vir hulle kinders snoepiegeld oorbetaal deur middel van die aanlyn winkel. Hierdie geld sal dan op die Verkenner se bandjie (wat hulle by registrasie ontvang) geplaas word. Hierdie bandjie se strepieskode word dan gebruik om te betaal vir items by die snoepie. Ouers kan selfs gedurende die kamp nog snoepiegeld deur middel van hierdie proses vir hul kinders laai.

Algemene navrae: Navrae kan aan navrae@wilgedraai.co.za gestuur word. Van daar sal dit na die betrokke kampbestuurslid verwys word, wat dit sal opvolg. Hou asseblief in gedagte dat al die lede van die kampbestuur voltydse werke het en dat hulle tyd beperk is, hulle sal egter so gou as moontlik op jou navraag reageer. Jou begrip in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Kontak-besonderhede:

AMP	NAAM EN VAN	KONTAKNO.	E-POSADRES
Kampleier	Nicol Jacobs	083 601 4905	kampleier@wilgedraai.co.za
Kampadjudant	Jeno Biljon	083 680 5861	kampadjudant@wilgedraai.co.za
Administrasie	Nicoleen Thirion	082 924 9606	administrasie@wilgedraai.co.za
Finansies	Susan Moolman	082 744 1119	finansies@wilgedraai.co.za
Bemarking	Willem Scholtz	082 823 9446	bemarking@wilgedraai.co.za
Oewervernuf	Werner Beineke	071 105 3705	oewervernuf@wilgedraai.co.za
Varswaterkunde	Cobus Muller	084 511 2802	varwaterkunde@wilgedraai.co.za
Roeikunde	Dewald Muller	084 581 8745	roeikunde@wilgedraai.co.za
Varswaterhengel	Anton van den Berg	061 608 8622	varwaterhengel@wilgedraai.co.za
Seilkuns	Johan Lehmann	083 300 8677	seilkuns@wilgedraai.co.za
Ruiterkuns	Corné van der Merwe	083 306 0357	ruiterkuns@wilgedraai.co.za
Kampmedia	Derek van der Merwe	083 676 5729	kampmedia@wilgedraai.co.za
Motorbootkunde	Danie Putter	076 050 2640	motorbootkunde@wilgedraai.co.za
Selfbehoud	Willem Scholtz	082 823 9446	selfbehoud@wilgedraai.co.za
Vaandrigte	Jeno Biljon	083 680 5861	vaandrigte@wilgedraai.co.za